## BOEKBESPREKINGS

Mitford-Barberton, I. & White, V.: *Some Frontier Families. Biographical Sketches of 100 Eastern Province Families Before 1840.* Pp. 303. Kaapstad, Human & Rousseau, 1968. R5.95.

Hierdie werk bevat biografiese sketse en in sommige gevalle familiewapens van 100 kinders en kleinkinders uit ongeveer 800 Setlaar-gesinne wat hulle in 1820 in die Oos-Kaap kom vestig het. In teenstelling met die bekende literatuur oor die Britse Setlaars, is hierdie publikasie die eerste wat gesaghebbend biografiese en genealogiese besonderhede aanbied. Mitford-Barberton is beter bekend as beeldhouer, o.a. van die Woltemade-standbeeld in Pinelands, Kaapstad, en die 1820-Setlaar-groep in Grahamstad. Hy is self die nasaat van 'n Britse Setlaar en lid van die Buro van Heraldiek. Violet White (tans mev. Willetts) is 'n agter-kleinkind van maj. T. C. White, wat tydens die Sesde Grensoorlog aan die Kaapse oosgrens gesneuwel het en sy word as 'n gesaghebbende oor Setlaar-geskiedenis aanvaar.

Die skrywers toon aan dat die nakomelinge van bogenoemde Setlaargesinne, sowel as dié van 600 ongehude Setlaars wat hier te lande lewensmaats gevind het, oor die lengte en breedte van ons land versprei het en in baie gevalle 'n positiewe bydrae tot ons landsontwikkeling gelewer het. Sommige van hulle het vir belangrike betrekkinge in die staatsdiens gekwalifiseer; daar was Hoë Kommissarisse onder hulle, regters, Volksraadslede, landdroste, geneeshere, kommandante en veldkornette. Twee 1820-Setlaars was kandidate in presidentsverkiesings in die Oranje-Vrystaat en Transvaal.

Van die bekende name in ons geskiedenis kom in hierdie lys voor: Andrew Geddes Bain, reisiger, geoloog en befaamde padbouer; T. J. Biddulph, Winburgse landdros tydens die stormagtige Soewereiniteitstydperk; Alexander Biggar, vader van George Biggar wat tydens die slag van Italeni gesneuwel het; John Centlivres Chase, outeur van die bekende *Chase's Natal Papers;* Charles Kestell, grootvader van ons bekende Vader Kestell; Dick King, bekend vir sy epiese rit vanaf Port Natal na Grahamstad; Thomas Pringle, stigter van die *South African Journal;* Theophilus Shepstone, wat Transvaal in 1877 vir Brittanje geannekseer het; Richard Southey, wat in verskeie openbare betrekkinge gedien en later luitenant-goewerneur van Griekwaland-Wes geword het; Samuel Cronwright, eggenoot van die bekende Olive Schreiner, en nog vele ander.

Hierdie biografiese besonderhede sal vir die historikus van onskatbare waarde wees en is 'n waardevolle toevoeging tot ons kennis van die Britse Setlaars. Ongelukkig verskyn daar in die skrywersvoorwoord sekere stellinge wat 'n mens kan bevraagteken, o.a. dat die aankoms van die Britse Setlaars die „belangrikste gebeurtenis" in die geskiedenis van Suid-Afrika genoem kan word. So ook word in die agtergrondskets tot die werk die verliese as gevolg van die Sesde Grensoorlog hoofsaaklik aan Setlaars toegedig en beweer dat die vrystelling van die slawe die Afrikaner „swaar getref" het, want die Afrikaner het sedert Van Riebeeck se dae slawe aangehou! Voorts verskyn daar die naïewe opmerking dat die Voortrekkers die Kaap verlaat het hoofsaaklik omdat hulle van die Britse regering wou wegkom, omdat hulle vry van alle beperkings wou wees en hulself wou regeer in „hulle eie, klein republiekies en selfs slawe kon aanhou indien hulle dit verkies het." (sic!)

Ten spyte van hierdie ongelukkige bewerings, staan die werk inhoudelik sterk. Die feite word onderhoudend aangebied en sekere familiewapens is duidelik en treffend afgedruk.

Slegs 1,000 eksemplare is van die werk gedruk. Daar is dus alle moontlikheid dat dit mettertyd Africana-waarde sal verwerf.

A. P. J. van Rensburg.

Dracopoli, J. L.: *Sir Andries Stockenström, 1792-1864, the origins of the racial conflict in South Africa.* Pp. XII, 212, 31 afb., 5 kaarte. Kaapstad, A. A. Balkema, 1969. R6.00.

Hierdie boek is, sonder vooroordeel, deur 'n Britse ingenieur geskryf, maar met die doel om op die oorsake van 'n aantal verskynsels in Suid-Afrika in te gaan, wat tot vandag toe baie probleme oplewer. Die historiese feite, soos hier aangedui, is in besonderhede nie altyd onaanvegbaar nie. Nogtans word daar 'n eerlike poging aangewend om party gebeurtenisse in 'n beter perspektief te plaas. Die skrywer is van mening dat die Boere in die vorige eeu net kon wen by bestendiging van rus en wetmagtigheid, ook aan die grense van die Kaapkolonie. Slagtersnek word volgens hom ten onregte as 'n voorbeeld van Britse pogings tot onderdrukking van die plaaslike bevolking beskou. Op die feit dat geen grasie verleen is nadat die toue gebreek het, gaan hy egter nie verder in nie. Charles Somerset wou die sendelinge gebruik om 'n ogie te hou oor wat by die Bantoe aangaan. Dracopoli neem allermins 'n blad voor sy mond as hy daarop wys dat die Britte die militêre mag, wat vir 'n guerilla-oorlog in Suid-Afrika teen die Bantoe op die Oosgrens sowel as teen die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog benodig was, ver onderskat het. Hy vergelyk dr. Philip met die perd van Troje.

Stockenström het 'n eie siening oor die onbekwame Britse grensbeleid gehad en hy het dit nie weggesteek nie. Volgens hom was blywende vrede alleen moontlik indien daar ten opsigte van die Bantoe 'n duidelike beleid vasgestel word, wat geen twyfel by die Bantoe gelaat het nie. Hy moes egter aanskou dat in die bestek van tien jaar nie minder as vier verskillende ooreenkomste met die Bantoe gesluit word nie, nl. tussen 1835 en 1845. Die gevolg was dat die kapteins aan die moontlikheid van 'n oorwinning oor die blankes bly dink het. Onder sulke omstandighede kon daar natuurlik geen rus kom nie. Stockenström was verder van mening dat die Britse militêre en regeringstaktiek te veel op Europese oorlogsomstandighede afgestem was. Hy self sou enige tyd voorkeur gee aan die tradisionele kommandostelsel.

Daar is geen twyfel nie dat die druk van die sendelinge op die Britse regering dit onmoontlik gemaak het om die standpunt van die Kaapse bevolking in Engeland te verduidelik. Op sigself is dit eintlik verbasingwekkend dat die feite, wat dr. Philip na Londen gestuur het, sommer sonder enige verdere navraag aanvaar is. Dracopoli wys ook tereg daarop dat die Britse filantropiese groepe wel op sg. wantoestande aan die Kaap gelet het, maar die haglike sosiale omstandighede wat in daardie tyd in Engeland geheers het, is nouliks deur hulle raakgesien. Telkens is gevolglik die fout begaan om Suid-Afrika deur dieselfde bril te sien as dié waarmee die slawerny in Wes-Indië gesien is.

Daar word uitvoerig ingegaan op die verskillende oorsake wat tot die Glenelg-depeche gelei het. Wel moet onthou word dat alle filantropie ten spyt, uiteindelik die beslissing in Londen amper uitsluitend op finansiële argumente gegrond was.

Teen die agtergrond van 'n wankelmoedige en ondoeltreffende Britse kolonisasie-politiek in die Kaap staan die figuur van Andries Stockenström, 'n Afrikaner met onwrikbare oortuigings, ervare en onbevrees, met 'n vaste wil om nie van die waarheid af te wyk nie. Vanweë sy uitgesprokenheid het hy dit moeilik gevind om met ander mense saam te werk. Met ergernis het hy die een Britse regering

na die ander sien kom en gaan, maar telkens weer met 'n beleid van plaaslike benepenheid en Britse wanbeleid. Hy wys op die handelaars wat profiteer uit die wanorde en oorlog op die Oosgrens en dat hulle selfs nie die geleentheid ontsien het om kunsmatig onrus aan te wakker nie. Vrede op die Oosgrens beteken onvermydelik minder regeringsuitgawes en gevolglik lei dit na minder werksgeleenthede in Grahamstad en aan die kus. Geen wonder nie dat 'n man soos Stockenström onder sulke omstandighede baie vyande gemaak het nie.

Dis opvallend dat D'Urban aan die Xosa's grond vir hul eie gebruik afgestaan het. Dracopoli sien hierin 'n voorloper van die Bantoestans van 'n eeu later. Die Groot Trek is volgens hom die eerste werklike breuk tussen Boer en Brit, 'n verwydering wat vergroot word toe Pottinger weier om Pretorius in Grahamstad te woord te staan.

Dis jammer dat daar, afgesien van 'n enkele verwysing in die teks, geen voetnote is nie. Daar is 'n boekelys wat beperk is tot Engelse uitgawes. Die vertolking van die materiaal kan egter allermins eensydig genoem word. In die laaste hoofstuk word getrag om tot 'n oplossing te kom van die probleme wat in die eerste helfte van die vorige eeu ontstaan het en wat tot vandag toe deurwerk. Daar is 'n bespreking van die Tomlinson-verslag van 1953. Verder dat Engelssprekendes in toenemende mate besef dat die moderne Republiek van Suid-Afrika nie 'n voorstad van Londen is nie. Dracopoli dring o.a. aan op 'n baie nouer samewerking tussen die Afrikaanse- en die Engelse deel van die bevolking. In hoever hierdie en ander menings met die huidige regeringsbeleid ooreenstem, moet elke leser vir homself beslis. Dis egter belangrik dat sulke menings uit die mond kom van 'n skrywer wat nie in Suid-Afrika woon nie. Veral as dit 'n skrywer betref wat sy mening op historiese grondslae vestig en bereid is om sake met 'n oop blik te bekyk en te beoordeel.

F. G. E. Nilant.

Von Fritz, K.: *Platon in Sizilien und das Problem der Philosophenherrschaft.* Pp. 147. Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1968. DM 14.

Die skrywer is 'n wêreldbekende geleerde op die terrein van die klassieke Griekese literatuur, by uitstek die filosowe en historici, met 'n besondere belangstelling in die staatsfilosofie. Die formaat van die geleerde is in herdie werkie ook sonder die minste twyfel duidelik.

Die werk onder bespreking neem sy aanloop uit die vraag of Plato se staatsfilosofie blote teorie was en of Plato dit bedoel het as 'n praktiese moontlikheid. Geleerdes is hieroor verdeeld. Von Fritz neem die standpunt in dat as Plato dit nie as blote utopie of teorie bedoel het nie, ons iewers aanduidings vir die praktiese implementering van die teorie moet vind. Dit vind hy in die geskiedenis van Dionysos II en Dion in Syrakuse. Die probleem is egter dat die gegewens van hierdie geskiedenis en Plato se betrokkenheid daarby afhang van die egtheid van die Sewende Brief van Plato — 'n egtheid wat dikwels betwis word.

Die boek val daarom in drie hoofstukke uiteen: Die eerste hoofstuk wat byna die helfte van die boek beslaan, gaan oor die probleem van die egtheid van die Sewende Brief, wat Von Fritz dan ook tot sy eie tevredenheid vasstel. Die tweede hoofstuk gee 'n uiteensetting (aan die hand van die Sewende Brief, Plutarchos en ander bronne) van die gebeurtenisse wat lei tot Dion se opstand teen Dionysos II, die opstand self, Dion se politieke beleid en so meer, wat dan eindig in die dood van Dion. Die derde hoofstuk is dan 'n diskussie van die gebeurtenisse in Syrakuse

in die lig van Plato se staatsfilosofie om te toon in watter mate dit 'n uitvoering van Platcniese idees is.

Dion se pogings tot verwerkliking van die Platoniese teorieë is onbevredigend omdat hy die hele tyd van sy bewind in oorlog betrokke was en daarom in noodsituasies moes handel. Nogtans meen ek dat uit Von Fritz se werk twee besluite met beslistheid bereik kan word: 1. Plato het sy staatsfilosofie nie net as blote teorieë beskou nie, maar gereken dat dit prakties uitvoerbaar is. 2. Ten spyte hiervan het Plato erken en het dit uit die Syrakusaniese geskiedenis geblyk dat baie aanpassings gedoen moet word voordat die teorieë in die werklikheid toegepas kan word.

Feitlik terloops vind 'n mens baie interessante opmerkings en beskouings, bv. oor die betekenis van die staatsfilosofie vir die politiek, die aard van propaganda, die ooreenkoms en verskil tussen die Platoniese beskouings aan die een kant en die Kommunisme aan die ander kant.

Ek wil hierdie werk met graagte en ten sterkste aanbeveel.

P. S. Dreyer.

Selby, J.: *The Boer War. A Study in Cowardice and Courage.* Pp. 237. met kaarte en ander illustrasies, bibliografie en register. Arthur Barker Limited, Londen, 1969. R4.

Die skrywer van hierdie werk, maj. J. M. Selby, militêre historikus en seniorlektor aan die *Royal Military Academy Sandhurst*, het verlede jaar 'n besoek aan ons land gebring en o.m. verskillende slagvelde besoek waar, tydens die Tweede Vryheidsoorlog, Boer en Brit hul kragte gemeet het in 'n militêre kragmeting wat sowel gedurende as na die oorlogsjare geheel of gedeeltelik, objektief of subjektief, oppervlakkig of diepgaande beskrywe is.

Maj. Selby het sowel dokumente in Engeland as in die Republiek nagegaan as 'n aantal gepubliseerde werke (1899-1967) geraadpleeg en sy aandag op 'n aantal belangrike veldslae toegespits, die beleërings van Ladysmith, Kimberley en Mafeking beskrywe en hom bo alles beywer om, aan die hand van die reeds genoemde bronne en eie, plaaslike waarneming, die leser 'n waarheidsgetroue verhaal voor te lê waarin hy veral nadruk gelê het op die menslike gedrag tydens gevegte en die optrede van militêre aanvoerders.

Hy plaas die oorlogsgebeure teen 'n geskiedkundige agtergrond, t.w. die geskiedenis van die Afrikaner-pionier en republikein en die geskiedenis van die worsteling tussen Boer en Brit soos dit o.m. in die stryd tussen president S. J. P. Kruger en C. J. Rhodes tot uiting gekom het.

In hierdie gedeelte toon die skrywer dat hy oor 'n diepgaande insig beskik. Teen hierdie agtergrond wy hy dan aandag aan Majoeba, die tydperk tussen die twee oorloë, die voorbereidings wat met betrekking tot die naderende stryd op militêre gebied getref is en gaan vervolgens oor tot die beskrywing van veldslae aan die Natalse front (Talana, Elandslaagte, die Tugela-veldslae), die beleg van Ladysmith, Pietersheuwel, Stormberg en Colesberg, Paardeberg, die stryd om Bloemfontein en Pretoria en die beleërings van Kimberley en Mafeking. In sy gevolgtrekkings vergelyk hy o m. die militêre optrede van lord Roberts en lord Kitchener met die taktiek wat deur 'n Buller en 'n lord Methuen gevolg is. Die strategie van die Boere aan die begin van die oorlog, en in besonder waar dit die beleërings betref, beskou hy krities om vervolgens die defensiewe taktiek, soos in die geval van die stryd om die Tugelabekken, baie goed te beskrywe. In hierdie gedeelte van

die stryd het Louis Botha uitgeblink, terwyl die Britse militêre leiding weer die botoon by Paardeberg gevoer het. Interessant is ook die volgende opmerking: „Certainly, the South African War revealed how Britain depended on the garrison troops from India and colonial volunteers to offset the weakness of the forces from home" (p. 226).

Ten slotte behandel hy die hedendaagse Suid-Afrika, nadat die oorlog verloor is, maar na verloop van tyd dit waarvoor geveg is weer gewen is. In hierdie verband sluit die skrywer sy werk soos volg af: „There are obviously some things that are wrong in South Africa — there are in all countries — but to many observers the present Government appears to be handling their task with common sense, and to be trying to be as fair as they can to all races, faced as they are with such a racial mixture. The Government undoubtedly believes that geared as it is to Western industrialization South Afrila without white men to run it would certainly face economic ruin and might even become a Congo or Nigeria. And they are not willing that either should happen" (p. 228).

Oënskynlik wil dit voorkom of bostaande paragraaf die skrywer ver van sy eintlike onderwerp laat afdwaal. Dit is nie die geval nie, want hy verklaar aan die begin van sy gevolgtrekkings dat daar in die loop van sy verhaal nie alleen suiwer militêre aangeleenthede te berde gebring is nie, maar ook die menslike betrekkings en verhoudings, leierskap en moraal, vraagstukke van politiek-militêre aard en die patroon van rasseverhoudings. Hierdie aspekte gee die leser 'n indruk van wat hy in 'n werk kan verwag wat soms verrassende gesigspunte en vergesigte bied, en gerus ter hand geneem kan word om 'n bekende onderwerp weer eens te bestudeer.

J. Ploeger.

Morse Jones, E.: *Role of the British Settlers in South Africa,* part I, (up to 1826). Pp. X, 174, portrette, 2 landkaarte, Kaapstad, A. A. Balkema, 1969. R4.50.

'n Studie van elf jaar was nodig om hierdie boek die lig te laat sien. Wat tot nou toe oor die Britse Setlaars gepubliseer is, is histories nie altyd ewe betroubaar nie. Vir hierdie boek is vir die eerste keer in hierdie verband ook gebruik gemaak van die ou kerkregisters en die begrafnisregister. As gevolg hiervan kon baie verbeterings oor datums en veral name aangebring word. Dit blyk dat baie name en vanne verkeerd gespel is en dat daar soms persone genoem word wat glad nie op die skeepslyste voorkom nie. In die Kaapse Argief is die verslae van magistrate en emigrante-groepsleiers geraadpleeg. Daar was mense wie se naam op die skeepslyste voorkom, maar wat nooit aan boord van die bepaalde skip gekom het nie. Party was wel aan boord, maar het in 'n volgende Engelse hawe die skip alweer verlaat. Party het oorspronklike immigrante se plek ingeneem, vanne sowel as jaartalle was dikwels foutief. Vir die eerste keer is nou 'n noukeurige onderskeid gemaak tussen die setlaars wat voor 1820 na die Kaap gekom het, en dié van 1820 en die daarop volgende jare.

Die gebied waarin die Britse Setlaars hul hoofsaaklik gevestig het, het in die jare voor hul koms hoofsaaklik uit leenplase bestaan, wat vir veeteelt gebruik is. Die streek was oop vir Xosa-veediefstal, en as beskerming, het Collins in 1809 aanbeveel dat tweeduisend Europeane hulle aan die regteroewer van die Visrivier moet vestig. Nege jaar later is hierdie aanbeveling deur Charles Somerset herhaal. Hierdie keer is daar meer aandag aan die voorstel gegee en uiteindelik is dit tot uitvoering gebring.

Die eerstes wat gekom het, was 'n aantal Skotte, onder leiding van Moodie, en 'n groep Iere. Inmiddels is in Engeland in 'n aantal graafskappe, immigrantegroepe met 'n leier vir elke groep, gevorm. Die eerste mense is in Desember 1819 verskeep en was die *Chapman* die eerste skip met setlaars wat Algoabaai bereik het. Met waens is die mense verder vervoer na die gebied tussen die Boesman- en die Groot Visrivier. In Oktober 1820 het die meeste mense die plek van hul bestemming in Suid-Afrika bereik.

Na 'n oorsigtelike inleiding volg daar 'n aantal lyste wat 'n goudmyn van inligting oor dié onderwerp bevat. Eerstens is daar 'n oorsig, met 'n landkaart, van die streke in Engeland, Skotland en Ierland waarvandaan die meeste setlaars gekom het. Hierdie oorsig is so noukeurig as wat tot die datum van publikasie van die boek moontlik was. Dit blyk dat die immigrante oor die algemeen gekom het uit dié gebiede waar die ekonomiese terugslag na die Napoleontiese oorloë die meeste voelbaar was, nl. Londen, die Middelande en westelike Skotland, party streke in Wallis en Ierland. Vervolgens is daar 'n lys van die verskillende groepe setlaars en die leier van elke groep, die aantal mense, die datum van vertrek en aankoms, name van die skepe waarmee die reis onderneem is en ten slotte, die plek van vestiging in Suid-Afrika. Hierop volg 'n oorsig van die setlaars van voor 1820, die wat tussen 1820 en 1826 hierheen gekom het, hul ouderdom, hul beroep (as dit bekend was), die naam van hul vroue en kinders en die groep waarmee hulle gekom het. 'n Skeepslys met datums van vertrek, hawe van vertrek, aankoms in Tafelbaai, Simonsbaai of Algoabaai, word gevolg deur 'n gekleurde landkaart van Suid-Afrika wat aandui waar die setlaars hulle gevestig het. Verder 'n naamlys van die setlaars wat hul lewens in die grensoorloë tussen 1834 en 1853 verloor het, van die persone wat mettertyd gekies is as lede van die Volksraad of die Wetgewende Raad, en van plekname wat met die setlaars in verband staan. Daar is bykans seshonderd kort lewensbeskrywings met, waar beskikbaar, 'n foto van die betrokke persoon. 'n Uitstekende bibliografie vergemaklik die gebruik van die boek.

Met uitsondering van 'n klein aantal persone, blyk dit dat die meeste setlaars afkomstig was uit, wat ons kan noem, die laer-middelklas in Engeland. Hulle het wel tot die energieke deel van die bevolking behoort, anders sou hulle nie oor die ondernemingsgees beskik het wat nodig is om na 'n vreemde land te emigreer nie.

Dis verder opvallend dat die merendeel van dié families vandag ook 'n suiwer Afrikaanse tak het, 'n verskynsel waarby die Vrystaat ongetwyfeld 'n groot rol gespeel het.

Met hierdie boek, wat uitgegee is onder toesig van die *1820 Setlaarsmonument-Komitee*, het ons die beste en noukeurigste oorsig van die Britse Setlaars wat tot datum gepubliseer is. Dit kan in geen openbare biblioteek, skoolbiblioteek of die boekery van 'n kenner van Suid-Afrikaanse geskiedenis ontbreek nie.

F. G. E. Nilant.

Spilhaus, M. W.: *The Land They Left*. Pp. 120, Juta, Kaapstad, ongedateerd.

Die geskiedenis van die 1820-Setlaars is die afgelope jare letterlik stof getrap deur historici en is daarom in breë trekke aan die publiek bekend. Wat egter minder bekend is, is die politieke, sosio-ekonomiese en kulturele milieu waaruit die Setlaars gekom het. Aan die hand van kontemporêre bronne probeer die skryfster van bovermelde werk hierdie gaping opvul.

Vanweë haar diepgaande navorsing van ons vaderlandse geskiedenis is die skryfster goed onderleg in veral die Kompanjiestydperk en die geskiedenis van immigrasie na die Kaap. In hierdie verband het werke soos o.a. *South Africa in the Making, They Planted the Cape* en *The First South Africans* reeds uit haar pen verskyn.

Bogenoemde werk beslaan agt hoofstukke en hang soms 'n somber prentjie vir die leser op. Toe die Britse parlement in 1819 'n bedrag van R100,000 gestem het ter ondersteuning van emigrasie na die Kaap, het die Britte nog geswoeg onder die nasleep van die Napoleontiese oorloë en die vroeë stadium van die ekonomiese oorskakeling van een eeu na 'n volgende. Die maatskaplike prentjie was een van uiterstes: 'n onhervormde parlement, 'n oorwerkte en onder-betaalde pagtersklas teenoor miljoenêr-aristokrate. Tronktoestande was haglik en op skokkende wyse is misbruik van vroue- en kinder-arbeid gemaak. Kinders van die laer-inkomstegroepe het gebrekkige onderwys ontvang.

Die skryfster behandel die sosialistiese proefnemings van Robert Owen, roer die begin van die aandrang op parlementêre hervorming aan, verwys na destydse kerklike wrywing in Brittanje en maak 'n draai by toenmalige nuusblaaie en tydskrifte en heersende literêre tendense. Sy belig ook die filantropiese beweging wat hom veral ná 1820 so sterk in Suid-Afrika sou laat geld.

Toestande in die Kaapkolonie wat 'n digter grensbevolking genoodsaak het en die onmiddellike vooraand van die vertrek van die Setlaars in Brittanje en die Kaapkolonie word in die laaste vier hoofstukke bespreek. Daar is veral interessante feite oor lord Charles Somerset en enkele leidende Setlaars wat 'n meer intieme kleur aan die werk gee.

Die werk is simpatiek en onderhoudend geskryf en is 'n waardige aanvulling tot die bestaande historiese literatuur oor die Britse Setlaars. 'n Mens sal dit graag op die rak van elke biblioteek in ons land wil sien.

A. P. J. van Rensburg.

Smail, J. L.: *With Shield and Assegai*. Pp. 172. Howard Timmins, Kaapstad, 1969. R5.50.

Die geskiedenis van Natal, veral Noord-Natal met sy slagvelde en Zoeloeland is nie 'n deel van ons geskiedenis waarop deur die onderwys die meeste nadruk gelê word nie. Baie van ons weet maar bitter min van die gebeurtenisse wat hulle in die vorige eeu in hierdie streke afgespeel het. Tog het daar vanaf die sestiende eeu tot aan die einde van die vorige eeu 'n eie, kleurryke geskiedenis in hierdie deel van Suid-Afrika ontwikkel. Hierdie boek wil 'n inleidende gids wees vir sowel daardie geskiedenis as vir die terreine wat dit nagelaat het. Dit is dus nie 'n outoritêre boek of 'n diepgaande studie van oorsake en gevolge of 'n ensiklopedie van feite nie. Dit is 'n opsomming van die belangrikste wetenswaardige feite en gebeurtenisse en dit dui aan waar die spore wat hulle nagelaat het, gevind kan word. By wyse van inleiding word 'n kort geskiedenis en 'n beskrywing van die Natalse wapen gegee. Dan volg daar 'n verwysing na die ou Portugese ontdekkingsreisigers en handelaars, 'n lys van skipbreuke wat op die kus van Natal en Zoeloeland van 1552 tot 1909 plaasgevind het, die vroegste besoekers aan Natal en die Britse vestiging vanaf 1824, met verduideliking van hoe die stad Durban uiteindelik aan sy naam gekom het. Daarna is die Zoeloes aan die beurt, hulle geskiedenis, 'n stamboom van die konings, die militêre opbou en die wapens wat in gebruik was: Shaka, Dingaan, Cetschwayo, die heilige Kloof.

Die oorsig gaan aan met die Voortrekkers, die oorloë tussen die Britte en die Zoeloes, met aanduidings en beskrywing van die geskiedenis van die verskillende forte, gedenktekens en graftes. Ten slotte is daar 'n algemene hoofstuk waarin van allerlei interessante feite melding gemaak word, dikwels in die vorm van net 'n foto en een of twee reëls met bewyse van toeligting, historiese geboue, fonteine, berge en koppe, die begin van die suikerindustrie, sendingstasies en kerkies. Hierna volg daar etlike lyste waarin 'n verskeidenheid van interessante gegewens verstrek word m.b.t. die vroeë geskiedenis van Natal, soos bv. 'n lys van vrywillige regimente wat in Natal was vanaf 1837 tot 1916, skepe, 'n chronologie van die Voortrekkergeskiedenis, Zoeloe-opstande, uitbreiding langs die Noordkus, ens. Baie gerieflik is die lyste van Zoeloename en die betekenis daarvan, vir riviere, mere, berge en koppies. Die laaste lys beskryf 'n aantal forte, versterkings en laers van 1838 tot 1879. Daar is sewentien kaarte wat aandui hoe om vanaf die hoofpaaie by die verskillende geskiedkundige plekke te kom. Eweneens is die werk van 'n handige indeks voorsien.

Selfs vir iemand aan wie Natal geheelenal onbekend is, soos bv. in die geval van oorsese besoekers, is die boek van waarde omdat die historiese gebeurtenisse telkens baie kortliks opgesom word. Ook die byskrifte by die groot aantal afbeeldings word tot die allernoodsaaklikste beperk. Hoewel die boek dus 'n groot hoeveelheid afsonderlike feite noem, gaan daar nogtans vanweë 'n knap indeling van die werk en die opsommende benadering, niks verlore nie. Foto's van verafgeleë monumentjies en plekkies waar 'n mens self nie dikwels kom nie en dié soos van die Piet Retief-monument by die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, dra verder daartoe by om die waarde van dié werk te verhoog.

F. G. E. Nilant.

*S.A. Argiefblad Nr. 10.* Hayne & Gibson, Johannesburg, 1968.

Ongeveer tien jaar gelede, by tye van die veertigste bestaansjaar van die amp van Hoofargivaris (tans Direkteur van Argiewe), het die eerste nommer van die *Argiefblad* die lig gesien. Hierdie tiende uitgawe val nie net saam met die halfeeu-kerf in die beheer van ons argiefwese nie, maar is ook 'n geskikte mylpaal vanwaar 'n waardebepaling van die werk in ons argiefbewaarplekke gedoen kan word.

Oor die jare heen is 'n aantal belangwekkende artikels in hierdie blad gepubliseer waardeur die argiefwese in wyer kringe bekend gestel is. Dat dit tot groter argiefbewustheid gelei het, word bewys deur die inrigting van eie argiefdienste en -bewaarplekke deur heelwat partikuliere instansies.

Ook hierdie tiende nommer van die *Argiefblad* bevat 'n aantal hoogstaande bydraes deur ervare en kundige argiefpersoneel, o.a. *The Jeffreys Bequest* deur mej. J. H. Davies; *Die Toeganklikheidsbeginsel* deur dr. J. A. Esterhuyse, die nuwe Direkteur van Argiewe; *Archives and Indoor Climate* deur T. A. Bosua; *Die Argief van die Staatsekretaris van die Z.A.R.* deur G. J. Reynecke; *Die Harm Oost-Versameling* deur S. J. Schoeman; B. J. T. Leverton se oorsig oor *The Natal Secretary for Native Affairs and His Archives* en *Dienslewering deur die Staatsargief* deur J. H. Cilliers. Die uitgawe word afgerond met 'n korrespondensie-rubriek, 'n aantal boekresensies en 'n publikasielys na aanleiding van argivale navorsing.

Van besondere betekenis is die toeligting deur praktiese vakmense by elk van hierdie artikels. Indien 'n mens sekere artikels wou uitsonder, kan na die werk van mej. Davies en dr. Esterhuyse verwys word. Eersgenoemde handel oor die skenking van meer as 20,000 eksemplare waardevolle Africana. Laasgenoemde sal

beslis met aandag gelees word deur navorsers wat hulle op die terrein van die kontemporêre geskiedenis wil waag.

'n Mens sou graag sien dat hierdie blad in die toekoms in breër kringe 'n vaste tuiste vind, en dat al ons universiteite, navorsingsinstitute en selfs onderwysinstansies geken word. Sodanig kan dit 'n betekenisvolle skakel tussen navorser en bronnemateriaal word. Indien relevante bydraes van buite (d.w.s. ander as argiefpersoneel) mettertyd ook 'n plek in die blad kan vind, word dit sekerlik 'n historiese en vakpublikasie van formaat. Die opname van 'n lys onderwerpe waaroor navorsing in staats-argiefbewaarplekke gedoen word, maak die blad reeds 'n onontbeerlike gids vir die navorser.

Daar is heelwat dienste in ons land wat deur Jan Burger as vanselfsprekend aanvaar word. Een hiervan is die werk wat deur argiefpersoneel in al ons provinsies verrig word. Min lede van die publiek en selfs navorsers is altyd bewus van die noodsaaklike delf- en sleurwerk wat agter die skerms in ons argiefbewaarplekke plaasvind. Juis hierom behoort hierdie tiende nommer van die *Argiefblad* allerweë verwelkom te word.

A. P. J. van Rensburg.

Ten Brink, E. A. B. J.: *De geschiedenis van het postvervoer*. Pp. 120 bl., met afb., literatuurlys, register en aantekeninge. Fibula-Van Dishoeck, 1969. R1-60.

Die skrywer van hierdie publikasie, wat as nr. 42 in die Fibula-reeks verskyn het, staan reeds sedert 1939 aan die hoof van die geskiedkundige afdeling van die Nederlandse Poswese wat deur hom opgerig is en het in 1950 op die proefskrif *Geschiedenis van het Nederlandse postwezen van 1795-1810* gepromoveer.

Sy jongste publikasie is 'n poging om op 'n beknopte wyse die geskiedenis van die Nederlandse posvervoer saam te vat. Dit geld nie alleen met betrekking tot die binnelandse nie, maar ook ten opsigte van die buitelandse dienste met Nederland as beginpunt.

Oorspronklik het die woord pos 'n aansienlike ruimer betekenis gehad as wat vandag die geval is en in hierdie verband verstrek die skrywer in sy inleiding interessante wetenswaardighede. Interessant is ook om te weet dat die posvervoer in Nederland eers tydens die Bataafse Republiek gesentraliseer en in die hande van die owerheid geplaas is waar dit vroeër 'n partikuliere-, 'n stedelike- of provinsiale aangeleentheid was.

Die vervoer het per bode (te voet) plaasgevind en in 1568 is instruksies vir koopmansbodes van Amsterdam na Antwerpen opgestel (pp. 12-15). In 1649 is 'n oktrooi aan posmeester H. J. van der Heyden verleen om posritte tussen Rotterdam en Antwerpen te organiseer.

Vir ons is die vervoer van briewe per skip van belang. Die skrywer vermeld dat briewe vir Oos-Indië aanvanklik oor Lissabon gestuur is. Na die oprigting van die V.O.C. het Kompanjieskepe hierdie taak oorgeneem. In 1788 is 'n poging aangewend om die posvervoer met spesiale jagte te laat geskied om op dié wyse nie meer afhanklik te wees van die vlote nie. Uit hierdie tyd dateer die bekende V.O.C.-stempels (afb. 8/9). Na die herkryging van die onafhanklikheid (1813) het skepe van die *Nederlandsche Handel Maatschappij* gemiddeld 100-120 dae nodig gehad vir die reis om die Kaap die Goeie Hoop na Oos-Indië. In die dertiger jare van die 19de eeu is die maandelike diens oor Suez (Alexandrië, Kaïro, Suez; met kamele) deur 'n Engelse maatskappy in die lewe geroep. Ander lande het ook hiervan gebruik gemaak en op dié wyse is die afstand Nederland-Java tot 60 dae teruggevoer.

Die trein het die posrytuig en die perd vervang, daarna het die vliegtuig en die helikopter hul intrede gedoen. In woord en beeld lig dr. Ten Brink al hierdie veranderings toe. In 1932 het 'n posvliegtuig die afstand Amsterdam-Batavia in 10-11 dae oorbrug, in 1950 was dit 3-4 dae. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die posvervoer in Nederland sodanig ontwrig (1944-1945) dat 'n brief van Groningen na Den Haag 33 en 'n brief van Enschede na Den Haag 58 dae nodig gehad het om sy bestemming te bereik. In die literatuurlys sal die belangstellende 'n aantal werke aantref wat meer besonderhede verstrek oor die posvervoer op see asook die titels van 'n aantal gesaghebbende publikasies wat in Duits, Engels en Frans verskyn het.

Dr. Ten Brink se publikasie vul nie alleen 'n leemte nie; dit is boeiend, maklik leesbaar en in alle opsigte aantreklike leesstof vir die liefhebber en die student.

J. Ploeger.

Rosenthal, E. en E. Blum: *Runner and Mailcoach, Postal History and Stamps of Southern Africa.* Purnell & Sons, Kaapstad, 1969. R9.75.

Hierdie boek bestaan uit twee dele. Eric Rosenthal vertel die geskiedenis van die poswese in Suidelike Afrika. Dit begin met die wegsteek van 'n brief in 'n ou skoen by 'n boom in Mosselbaai, die gebruik van posklippe en die vervoer van amptelike pos deur die skepe van die V.O.C. Vir vervoer van privaat briewe, het die Kompanjie geen belangstelling gehad nie. Blykbaar het dit nie tot Here XVII deurgedring nie dat op hierdie wyse moontilk nog een of twee stuiwers verdien kon word nie. Einde 18de eeu begin 'n meer gereëlde posverbinding met Europa en die Ooste en word ons eerste poskantoortjie in die Kasteel geopen. Dit het net pos vir Kaapstad en Simonstad hanteer. Bowendien was daar nog sekere beperkings as gevolg van die oorlogsomstandighede.

Hierdie poskantoor word later na die Ou Hooggeregshofgebou oorgebring en verbindings word ingestel met die binnelandse drosdykantore. Poskarre bly hoofsaaklik nog private ondernemings en burgers wat toevallig langs die „hoofpad" woon. was verantwoordelik vir die verdere deursending van pos. Die vergoeding vir hierdie werk, het nie baie entoesiasme opgewek nie. Tog was daar in 1846 drie posaflewerings per dag in Kaapstad — een meer as vandag! Eers teen die helfte van die vorige eeu het die eerste posseëls en briewebusse hulle verskyning begin maak.

In Natal het smouse eienaardig genoeg, 'n groot rol in die ontwikkeling van die binnelandse posverkeer gespeel. In die Vrystaat en Transvaal is van die begin af die belang van posverbindings besef. Daar is gebruik gemaak van Bantoe wat die pos van die een plek na die ander dra. Dit was 'n ongereëlde en nouliks betroubare diens, wat in 1858 deur 'n weeklikse diens met bodes tussen die hoofplekke vervang is. Dis begryplik dat die ontwikkeling van die diamantvelde en later die goudmyne die noodsaaklikheid van beter en veelvuldiger posverbinding benadruk het. Die Tweede Vryheidsoorlog was 'n periode van onderbreking en opdrukke op posseëls. Eers met Uniewording in 1910 het daar 'n eenvormige posstelsel tot stand gekom.

Hier was gevolglik die grondslag vir die ontwikkeling tot die moderne bedryf wat ons poswese vandag is. Daar is 'n oorsig van posontwikkeling in Suidwes-Afrika, Rhodesië, Zambië, die republiek Stellaland, die Bantoestate, Mozambiek en die omliggende eilande soos St. Helena, Tristan da Cunha, Marion, Mauritius, ens. Tussen die eerste poskantoor in die Kasteel in 1798 en die 3,300 poskantore wat daar vandag in die Republiek bestaan, lê 'n tyd van groei en ontwikkeling, sosiale

verandering, opkoms van industrieë en modernisasie van bedryf, politieke mondigwording. Dit is 'n grootse en roemryke geskiedenis, wat deur Eric Rosenthal met kennis en met smaak vertel word. Dis jammer dat daar nie 'n paar woorde aan Malawi gewy kon word nie, maar die grens moes êrens getrek word.

Die tweede deel van die boek bestaan uit 'n posseël-ensiklopedie, wat sowel vir die algemene leser as die spesialis bedoel is. Op 'n knaphandige wyse gee Eliezer Blum, een van die mees vooraanstaande deskundiges op hierdie gebied in ons land, 'n chronologiese oorsig van die seëls van die afsonderlike gebiede. Hy meld verder besonderhede oor kleur, watermerk, druk, maar ook afwykings, misdrukke, vervalsings. By elke uitgifte is 'n globale pryswaardering gemeld vir sowel ongebruikte as gebruikte eksemplare. Die meeste seëls is afgebeeld, die belangrikste afwykings, soos van die Kaapse driehoeke, is in kleur weergegee. Ons leer ook die belangrikheid van vervalsings as vergelykingsmateriaal, waarop ons moet let by drukverskille en watter seldsaamhede daar kan voorkom. Wel word party misdrukke genoem wat m.i. die drukkery nooit moes verlaat het nie.

Hoewel die tweede deel van dié boek deur verskillende skrywers saamgestel is, sluit hulle pragtig by mekaar aan, en waardeur die boek tog 'n eenheid vorm. Die inhoudsopgawe verwys by elke onderwerp na albei dele. In die teks word hier en daar 'n bron genoem, maar helaas is daar geen afsonderlike bibliografie nie. 'n Oorsigskaart van die verskillende gebiede sou vir oorsese lesers geen oorbodige weelde gewees het nie. Wel is daar 'n uitvoerige indeks. Die veelvuldige illustrasies van koetse, seëls, briewe en stempels, is duidelik en ter sake. Ook die nie-kenner kan onmiddellik sien waaroor dit by 'n bepaalde posseël gaan.

Die boek is van waarde vir die historikus sowel as vir die filatelis. Dit voorsien op uitstekende wyse in 'n leemte wat te lank op hierdie gebied bestaan het.

F. G. E. Nilant.

Butler, Guy: *When Boys were Men.* Oxford University Press, Kaapstad en Londen.

Hierdie boek bestaan uit uittreksels uit 26 tekste, sommige waarvan nog nie voorheen gepubliseer nie. Die samesteller sê in sy inleiding wat die doel van die kompilasie is, nl. „to take a fresh look at some aspects of the British tradition in our country . . ."

Dit is verder die doel om aan te toon hoe Afrika gelyk het vir persone onder die ouderdom van twintig jaar. Waar sommige, eintlik die meeste van die tekste, opgestel is in die vorm van herinneringe, het ons in der waarheid meer te doen met 'n terugblik op jeugjare. Hoe dit ookal sy, die Britse Setlaars wie se herinneringe gedeeltelik in die boek gepubliseer is, het daarin geslaag om in Suid-Afrika wortel te skiet — hier 'n nuwe vaderland te vind en, in teenstelling met die populêre opvatting, verbasend vinnig by plaaslike omstandighede aan te pas.

Die verhaal van die Bowker-seuns toon duidelik hoe onverskrokke die jongspan was: Bertram slaag daarin om 'n luiperd met fynhael dood te skiet. Sy ouer broer, Holden, verbeter daarop deur 'n luiperd van agter te bekruip en met 'n stok eers plat te slaan, en toe terwyl sy honde die dier pak, hom met die stok te dood. Dan is daar ook die verhaal van die jong Eli Wiggel, 12 jaar oud, wat as touleier vir smouse, die hele Oos-Kaap en groot deel van die Karoo deurkruis het.

Prof. Butler se werk is een van blywende waarde vir alle Suid-Afrikaners, en dit kan ten sterkste aanbeveel word vir almal wat belangstel in ons verlede. Die Brit is hier nie die padbouer, die administrateur of die sakeman nie. Hier is hy die pionier wat ons land help mak maak het.

J. F. Preller.